

FSWAU for SAWAU Newsletter April 2024
VVLU vir SAVLU Nuusbrief April 2024

The annual theme FSWAU chose for 2024 was "Barefoot Courage" and it was used by all the keynote speakers during the FSWAU Conference month.

Our new President, Elsabè Kotzè, wondered how a barefoot courageous woman could be identified and she gave a few pointers:

A courageous woman is someone who is viewed by her peers as strong and dynamic. To be courageous has a different meaning for each person: it may be obviously apparent but it may also be something inside a person.

To make your bed can be courageous

To smile when smile is the last thing you want to do.

To apologize

To forgive

To take a different path than your friends even when it will affect your popularity

To choose others above yourself, difficult as it is

To always be honest

To respect others even when they disagree with you

Not to give up even when going on is tough

To choose to love someone unconditionally

To be friendly in the strange and cruel world that we live in

To understand what the prayer: **"God, grant me the serenity to accept the things I cannot change, the courage to change the things I can, and the wisdom to know the difference."** really means and to live everyday.



Strong and dynamic

Die vroue van die Vrystaat Vroue Landbou-unie was baie besig in die gedeelte van die jaar wat strek van September 2023 tot Maart 2024 en wat volg is 'n kort oorsig:

Area 1 is baie goed verteenwoordig by Kongres 2023 en word ook as wenner aangekondig!

Deur aan die VVLU te behoort, word ons kennis verbreed deur die aanbod van gewilde werksinkels en seminare.



Koppies leer hekel!

Takbesoeke word gedoen en was interessant en van hoë standaard. Studierigtings of Temas is suksesvol hanteer en lede neem geesdriftig deel aan die kompetisies.



Kroonstad leer meer oor ander gebruike van ritsluiters.

Uitreikaksies maak 'n groot deel van takke se doen en late uit deur projekte soos die omgeebeertjies, asook onder andere die kosprojek, Bottels van hoop waar koffiebotte met bestanddele 'n gesonde maal vir 'n gesin van 4 kan voorsien.



Ans Serfontein, 102 jaar oud, is 'n getroue lid van die Kroonstadse VLU tak. 'n Suksesvolle Konferensie 2024 is aangebied, met interessante gassprekers.

Area 2

Cornelia: leer hoe om 'n hoender te ontbeen en 'n hoender rol daarvan te maak.

November word daar 'n nuwe bestuur verkies en Marina Cockcroft tree na 12 jaar uit as voorsitster. Die jong Jeanique Kotze is verkies tot voorsitster en sy gaan verseker 'n verskil maak. Vir Cornelia was 2023 'n besondere besige jaar omdat hul die konferensie in 2024 moet aanbied. Die tema is "Kaalvoet Dapperheid". Dit was 'n spoggeleentheid.

Eeram: Hulle sluit 2023 op 'n hoë noot af met 'n besoek aan Clarens almal "Pragtig in Pienk". Tydens die konferensie op 6 Februarie 2024 het Blanche Botha en Madeleine Swart hul 30 jaar dienswapen ontvang en Marie Blom haar 60 jaar dienswapen wat 'n inspirasie is hierdie lede nie. Eeram vier hul 60ste verjaardag saam met Eeram Boerevereniging se 100ste bestaansjaar. Op 2 Maart hou hulle 'n afskopkuier wat gepaard gaan met 'n potjiekos kompetisie. Sowat 110 gaste woon die geleentheid by.



Frankfort: Doen 'n kollekuns werkswinkel waar hulle baie tegnieke leer en dit verseker hulle 'n 1ste en 2de plek op die konferensie.

Roadside: 'n voormalige lid Maryna Mouton word 90 hulle bederf haar met 'n verrassings partytjie by 'n restaurant in Frankfort. Op 8 Desember hou hulle 'n biddag vir reën op aanvraag van die gemeenskap.



Area 4 welcomed Carine Vermaak as their new executive member.

Area 6

HOOPSTAD

Leefstyl /Naaldwerk – Mev. Anja van Dyk is n raakvat boervrou wat met alles onder die son boer. Sy het ons meer kom vertel van haar bokboerdery en al die produkte wat sy



maak uit bokmelk.

Die dames leer sushi maak. En kry oulike wenke oor waar om bestandele aan te koop en hoe om sushi te maak. Die Miami produkte word beoordeel en die weners word aangewys.

Port Allen

Tanja de Meilon van Sweet Serenity se leuse is “Rejuvenate your soul”. Ons is gees, siel en liggaam. Ons moet ‘n balans handhaaf. ‘n Gesonde liggaam huisves ‘n gesonde gees. Sy vertel van haar lewensreis.

Schuttendraai vergroot in ledetal met 5 nuwe lede. Die tema is Aktuele Sake. Jaarprogram, Konferensie 2024 word bespreek. Die Appelkaneelkoek word weer gebak en die wat braaf is bring hul “Blom waar jy geplant is vir `n laaste beoordeling.

Mielieblom

Naaldwerk

Ons kuier saam met Hettie van Bernina in Welkom. Hettie wys vir oulike masjienwerk tegnieke.

Wesselsbron kuier saam met Silwerbron se mense.

Verskillende speletjies met pryse word aangebied.

Daarna het almal saam gekuier met n koppie tee en n melktertjie.



Wesselsbron sluit die jaar by Alma kwekery af.

Area 8 beleef, soos gewoonlik, 'n bedrywige tydjie na afloop van die Kongres.

Die Verrykingseminaar is aangebied in November by die NG Kerk Bedelia. Jubileum tree as gasvoutak op. 39 Lede uit die Area woon dit by. Almal vind dit baie leersaam.

'n Uitstekende konferensie, met gaskunstenaars Francois en Elizabeth Fourie en spreker, Johannes de Villiers, is deur Ventersburgtak aangebied op 21 Februarie 2024.

HENNENMAN: Die tak het 'n nuwe, entoesiastiese bestuur. 'n Baie goeie jaarprogram is opgestel en hulle beoog om hulle ledetal uit te brei. Hulle het ook reeds in 2024 by die eerste Veeveiling gewerk en in groot getalle die Konferensie van Area 8 bygewoon.

JUBILEUM: Die tak skenk jaarliks 'n boekprys aan Orionskool vir Naaldwerk en Voedselproduksie. Hulle bied heerlike verversings aan tydens die Verrykingseminaar. Die tak spring in 2024 weg met 'n Macrame-werksklas



VENTERSBURG:

Die dames het baie hard gewerk aan voorbereidings vir 'n baie suksesvolle konferensie wat op 21 Februarie gehou is. Baie interessante vergaderings is ook gehou.



VIRGINIA:

Virginia sluit die Beertjieprojek af met die laaste 100 beertjies wat aan Voluit Primêr se kleuterskool, "Klein Vollies" oorhandig word. In Februarie hou hulle 'n heerlike "Kaalvoet"-vergadering.

Virginiatak wen ook die prys by die Konferensie vir die meeste lede teenwoordig.



WELKOM:

Welkom hou 'n Blommerangkikking-werkswinkel wat deur Christa Oosthuizen van Virginiatak vir hulle aangebied word. Dierekos word aan Claws oorhandig en by twee geleenthede in Oktober word Kolwyntjies by pasiënte wat Kankerbehandeling in Welkom ontvang, uitgedeel.



Welkomtak sluit die jaar af met die viering van hulle 75e verjaarsdag.

Pragtig gedekte tafels en heerlike eetgoed het die taklede begroet. Die nuwe VVLU-President, Elsabé Kotze en die ere-President van VVLU is die eregaste. Boodskappe word gebring deur Elsabe, Gerda en Annette vd Merwe, UB-lid vir Area 8.



Naaldwerk

Aangesien daar heelwat lede in al die takke is wat nie Laslap- en Kwiltwerk kan doen nie, is besluit dat elke tak in die Area 'n werksklas sal aanbied om lede te leer hoe om dit te doen. Die lede gaan 'n skinkbordlappie maak. Die mooiste lappie in elke tak sal 'n geskenkie vanuit die Areafonds ontvang.

Area 10

Die area verwelkom Estelle Potgieter as UB nadat Elsabè Kotzè as President van VVLU verkies is.

Koffiefontein leer oor die wapenwet en skiet sommer ook skyf met 'n windbuks. Hulle maak ook interessante kaartjies in November



Reddersburg

Die tak kry waardevolle inligting oor die hantering van banksake en die veiligheid daarvan. Volmag as jy dit nie meer self kan hanteer nie. Alma Stassen is hier die gasvrou.

Elsabe Kotze, nuutverkose president van die VVLU besoek die tak in ontvang 'n pragtige potplant van voorsitter, Lena Hageman



Area 11

FICHARDTPARK TAK Gedurende September besoek die tak die Oorlogsmuseum. Dit is die moeite werd om die geskiedenis vars te hou vir die lede.

Met die Oktober vergadering behandel hulle indringerplante soos die selonsroos ,torch cactus, Pride of India Moth vine en Brazilian Nightshade.

Tydens die afsluitingsvergadering word die trofee's uitgedel, skryfbehoeftes vir Therapèa ingesamel en hulle hou ook 'n marktafel vir fondsinsameling. Daarby nog 'n heerlike koek-en-tee!

TIERPOORTTAK: In September kom gesels Charles Smith, Nuushoof van Netwerk 24 Volksblad, oor die rol wat vroue gespeel het in die opheffing van die platteland, veral na die Anglo Boereoorlog. Hy moedig vroue aan om relevant en op hoogte en ingelig te bly. Wees skerp en hou ons taal in stand.



Tierpoort spog met 4 nuwe lede: Sonia van Zyl (Voorsitter), Janette Moolman, Jenene Coetzee, Lizet Swanepoel, Esther Nel, Salomé du Toit (Sekretaresse).

Gedurende Septembermaand se vergadering kom bied Schalk van Dyk en Amelia Loubser 'n blomme werkwinkel aan. (Dit het so vrugte afgewerp dat Tierpoort in elke afdeling met die Februarie konferensie eerste plekke behaal het!)

Februariemaand verskuif Irma Davel die lede se grense en hou 'n musiek vasvra. Elkeen kry 'n hout deurstop om kreatief te versier

JACOBSDAL TAK

Die tak vier sy 100ste verjaarsdag in 2024 en skryf as volg:

Na die groot droogtes van 1922 het baie van die plase in Jacobsdal ontvolk, veestapels was uitgedun en boere moes werklik van vooraf begin. Met geen spoorwegverbinding het dit moeilik op ekonomiese gebied gegaan. In dié moeilike jare het mev. Kate de Villiers, 'n jong prokureursvrou, alles in haar vermoë gedoen om die vroue van Jacobsdal so te organiseer dat hulle hul gevoel van eie waarde kon behou. Die destydse Voorsitter van die Jacobsdalse Boerevereniging, mnr. Schimper van Niekerk, het die vroue aangespoor om 'n vereniging te stig om die boervroue op te hef. 'n HUISVLYTTAK, onder die voorsitterskap van mev. Kate de Villiers, is in 1924 gestig.

Dis nie seker wanneer die tak se naam na BOERE VROU VERENIGING verander het nie, maar in 'n notule van 14 Mei 1927 lees ons dat dit die tak se amptelike naam is. Die doel van die vereniging was om die vroue geïnteresseerd te kry in tuisteskepping, naaldwerk en huisvlyt. Met die besoek van GENERAAL HERTZOG, EERSTE MINISTER VAN SA. aan Jacobsdal, het hy

groot waardering vir die vereniging, wat die eerste in sy soort in die Vrystaat was, gehad.

Mev. De Villiers dien in 1935 - 1936 op die hoofbestuur van die VVLU. Na die stigting van die Vrystaatse Vroue Landbou Unie het die Boere Vroue Vereniging met die VVLU geaffilieer en die naam is verander na Jacobsdal VLU-tak.

Op 19 Februarie 2024 vier Jacobsdal VLU-tak hul 100ste bestaansjaar tydens area 11 se konferensie.

Mev Zerwick, ere-President van VVLU sny die verjaarsdagkoek saam met voorsitter Marietjie Badenhorst.



PETRUSBURGTAK het met Naaldwerk 'n tekstiel-dag aangebied. Verskeie natuurlike vesels asook sintetiese vesels is gewys. Ingewikkelde chemiese en industriële prosesse word soms aangewend om materiale te vervaardig. 'n Spinnepop van Madagaskar se sydrade word gebruik vir die sterkste valskerms!

Die tak besoek Paardeberg (Vendutiedrif) waar 'n veldslag tydens die Anglo Boereoorlog plaasgevind het. Daarna besoek hulle die klein plaasmuseum waar interessantheide uit die tydperk uitgestal word.

Met Petrusburg se afsluiting kuier die dames en hulle mans saam by 'n wildsplaas waar hulle steak braai en die aand geniet.

This concludes the report of what FSWAU members have been doing for the period till end March 2024.

As members we are looking forward to the next phase which will include our annual Congress in Bloemfontein.